BEROEPENUUS– (geen nuwe nuus ontvang nie)
Beroepe ontvang
Dr. GJ Meijer van Pretoria Oos-Moot na Heidelberg
Beroepe aanvaar
Beroepe bedank

Is mense ryp vir gereformeerde getuienis? (Prof. GJC Jordaan)

Is mense ryp vir gereformeerde getuienis?

Voor sy hemelvaart het Jesus vir sy dissipels gesê:"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees" (Hand. 1:8). Met Pinkster het die Heilige Gees dan ook oor hulle gekom, en ook oor die kerk van alle eeue. Daarmee saam het ook die opdrag om sy getuies te wees opdrag van die kerk van alle tye en plekke geword.

Die kerk se roeping om te getuig

Die kerk het dus vandag nog die opdrag van die Hereom sy getuies te wees. In die Suid-Afrika van ons tyd is dit nie maklik om 'n egte Christelike getuienis te laat hoor nie — nie net as gevolg van die geweld en onrus wat hoogty vier nie, maar veral as gevolg van die godsdienstige verwarring van ons tyd. Ongeveer tagtig persent vandie inwoners van die land gee hulleself as Christene uit. Tog word dit by die dag duideliker dat daar by 'n groot deel van dié tagtig persent verwarring bestaan oor wat 'n ware Christen is.

Daarom het ons as gereformeerdes meer as ooit die taak om te getuig van wat die Here werklik leer. Die ware en suiwere leer is na ons hartsoortuiging deeglik saamgevat in ons gereformeerde belydenisskrifte. Die getuienis wat ons moet laat hoor, moet dus 'n eg gereformeerde getuienis wees! Die vraag is egter: Is ons samelewing ryp vir 'n eggereformeerde getuienis? Kan mense in die huidige Suid-Afrika werklik 'n gereformeerde getuienis onbevange aanhoor? Die rede vir hierdie vrae is die vermoede dat die mense in ons land geleer het om op eg humanistiese wyse te dink. En die humanisme staan lynreg teenoor die gereformeerde leer!

Die samelewing ryp vir 'n gereformeerde getuienis?

Die gereformeerde leer staan op die Bybelse getuienis van die verdorwenheid van alle mense. Die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus begin by die ellende van die mens; dat die mens so verdorwe is dat ons geneig is tot alle kwaad, tensy ons deur die Gees van God weergebore word (So. 3). *Word vervolg*

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

Vandag– Muriel van der Dussen 0725353466	04/06– Louw Grobler 0825699822
03/06– Izaan Potgieter 0762177819	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Voordat ons hom deur die reënwolke sien breek het, vind ons nie uit hoe pragtig die sonskyn is nie –CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

02 Junie 2013

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Handelinge 9:1-19; Mattheus 7:13-28
Teks: Handelinge 9:1-2
Sing: Ps.92:1,2; Ps. 9:7,10 (Na Geloofsbelydenis); Ps. 32:1,3 (Na die Wet) Ps. 25:2,4; Ps. 128:1
MENSE VAN DIE WEG

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort.

TWEEDE EREDIENS–
Skriflesing: Eksodus:8:16-19;31:16-18; Lukas 11:14-20
Teks: Eksodus 8:19;31:18; Lukas 11:20
Sing: Ps. 48:4; Ps. 89:6; Ps. 31:1,3,5
DIE VINGER VAN GOD

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 6 en 7
Ouderlinge: Nico van der Dussen
Diakens: Henry Foster help uit

Volgende Sondag– Wyke 8 en 10
Ouderlinge: Ulbe de Ronde
Diakens: Gerhard Krüger en Nico Venter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Jansie van Tonder, ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is op die oomblik wonderbaarlik beter. Sy sterk aan in 'n kliniek in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe. **Br Dries de Ridder** is uit die hospitaal ontslaan. Ons gebed is dat die behandeling vir hom tot beterskap mag lei. **Br Piet van der Kooi** se toestand is nie goed nie. Hy het baie maerder geword. Hy is steeds in Muelmed hospitaal. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Br Jan du Plessis** is besig om na sy knie-operasie te herstel. Dit is maar 'n seer en stadige proses. Ons vertrou dat dit 'n sukses mag wees en hy volkome mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is wel uit die hospitaal ontslaan maar die heup is nog nie herstel nie. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. . **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Sr. Lenie Labuschagne** wat vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy woon in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Br en sr Danie en Maryna Theunissen** se 50ste huweliksherdenking het aangebreek. Ons is saam met hulle die Here dankbaar dat Hy hulle reeds vir n halwe eeu vir mekaar gegee het.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding
09/06/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Ekuminisiteit Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
11/06	Finans-Advies vergd
13/06	Kerkraadsvergd
21/06	Skole sluit
15/07	Skole begin

SUSTERS-

BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

Met groot dank aan almal wat bestanddele geskenk het, is die susters dankbaar dat dit voldoende is. Die proses om beskuit te bak kon reeds begin...

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 4

4:1 – Dadelik na Sy doop en salwing met die Heilige Gees word Jesus na die woesteny gelei vir die versoeking. Waar dit was, maak nie saak nie, anders sou dit vermeld gewees het. Sommiges wil glo dat dit na Sinaï toe was. In die afsondering sou Hy ongestoord met die Vader on verkeer.

Deur die Gees – Toegerus deur die Gees, na Sy mensheid, begin Jesus se werk onder leiding van die Gees - ter wille van ons.

Deur die duiwel – Sien die teenstelling hierin. Begeesterd deur die Gees van God (dus God Self) gaan Christus eenkant, maar daar neem die groot Vyand onmiddelik geleentheid vir sy afbrekende werk, om hiermee sommer dadelik sy eerste nederlaag teen Christus te ly. *Die groot wêreld het wel nie die stem uit die hemel gehoor met Christus se doop nie, maar die demone het wel. Daarom dat hulle uitgeroep het: Wat het ons met U te doen, Jesus Nasarener ? Het U gekom om ons te verdelg ? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God" (Mark 1:24). Daarom ook* (in die woestyn) *het die stryd met die vors van die demone begin. Dit is die stryd wat Jesus met Sy triomf op Golgotha eindig.*

4:2. Gevas – Jesus maak Hom gereed om Sy werk te volbring. As Hy daarna liggaamlik afgerem is deur honger, sien Satan dit as goeie geleentheid om Hom te slaan waar sovele mense ingee: aardse behoefte. Hoevele raak in moedeloosheid nie kleinmoedig en kleingelowig nie, om dan voor versoekings te swig. Is honger nie bv `n groot oorsaak van diefstal en selfs moord nie (soos tans so baie in ons eie land) ?

Veertig – Een verklaarder sien hierdie getal as simbolies van boetedoening, teenspoed, belydenis, straf of selfs van die sonde self. Dit herinner aan die vele kere waarin hierdie getal in die Bybel voorkom (bv Gen 7:4; Ex 24:18; Deut 9:18; 1 Kon 19:8; en natuurlik Israel se woestyntog uit Egipte). **En . . . nagte –** Jesus se vas is in totale oorgegewenheid. Dit was nie net bedags nie, soos mens in party godsdienste se vaste sien, dat hulle dan in die nagte hulle weer ooreet. In plaas dat die vas sy geestelike toewyding sterk, is `n mens heeldag net aan die verlang na vanaand se swelgparty.

4:3. Na Hom gekom – Hierdie woorde kan saam met "neem . . . Hom" in v 5 en "laat staan" in v 11 bedoel word om die *direktheid* en *nabyheid* in die konfrontasie met die duiwel uit te druk.

As U die Seun van God is – Sommiges meen dat Satan nie geweet het of Jesus werklik God die Seun is nie, en Hom so wou beproef. Dit is nie reg nie. Dit is eerder dat hy dit wel geweet het, maar wou beproef of hy die Seun na Sy mensheid wel kon verlei.

Net soos in die Paradys, wil Satan verdagmaking as sy wapen gebruik**: "as . . . "** (Selfde as in v 6.) Satan wil Jesus versoek om te bewys dat Hy Seun van God is, deur `n wonder. So het hy dikwels later deur die versoeking van die Jode Jesus wou verlei om tekens te doen om dit te bewys.

Dat die Satan nie alles kon weet van God se Raadsplan se volvoering deur Christus nie, spreek uit die feit dat die duiwel later eers Jesus se werk wil eindig deur Hom te laat kruisig, maar dan by die kruis weer kom met die versoeking om die kruisdood te vermy. Dit sal dan beteken dat, hoewel hy die Skrifte goed ken om te kan verdraai, hy nie die werklike inhoud altyd verstaan nie ! Waarom wil hy Jesus laat kruisig, terwyl Jes 53 baie beslis profeteer dat die Here deur Sy lyding en dood ons sou verlos ?

4:4. Christus se antwoord – Jesus antwoord met woorde wat in Deut 8:3 staan. As God dit so wil hê, kan mens selfs op bo-natuurlike wyse aan die lewe bly. God, wat lewe *is en gee*, kan op enige wyse onderhou. Sy vertroue op die Vader is volkome. Hy *weet* dat die Woord ons kan voed. Gehoorsaamheid aan God is die belangrikste.

In `n artikel oor die Maaltyd praat Totius ook oor die voeding van die gelowiges in die ewigheid. Daarvan sê hy: "Sal die voeding in heerlikheid sakramenteel wees of fisiek ? Ons meen altwee. Die eet van die lewensboom sal `n teken wees dat die mens nou sy lewe daadwerklik in God soek, en tegelyk sal hy in sy opstandingsliggaam gevoed word asof hy spyse nuttig – veral na wat Jesus sê (Matt 4:4).

4:5 – In Lukas 4 word die laaste twee versoekings omgeruil: eers op die berg en toe op die dak van die Tempel. Daar word gemeen dat Matth eerder korrek is, want op die berg word die versoeking tot `n hoogtepunt gevoer as Satan Jesus se Koningskap eintlik bevraagteken en maak asof hy koning van die wêreld is. Natuurlik is dit vals, soos bv in Ps 48:3 gevind word, waar van Sion en Jerusalem gesing word as **die stad van die groot Koning** (die Godstad).

word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

22 Mei 1874- Dr. DF Malan gebore; *27 Mei 1874–* Eerste deel van Dorslandtrek begin; *28 Mei 1911–* ds. SJ du Toit oorlede; *31 Mei 1844–* Anneksasie van Natal deur England; *1 Jun. 1886—* Eerste sooi omgespit van Delagoabaai spoorweg; *5 Jun. 1652–* Eerste blanke kind in Suid-Afrika gebore; *10 Jun. 1855-*Verkiesing J Boshoff pres van die Vrystaat; *10 Jun. 1840-* Ds. Dirk Postma geëksamineer en beroepbaar gestel; *24 Jun. 1881–* Mev. Maria du Toit (Postma –egg Totius) gebore